### *Die gebed van die Meester*

**121** By baie, wat op die berg was, en gehoor het wat Ek sê, roep die vraag op en ook Helena en Ouran was ietwat verbaas en vra netsoos **baie ander**: "Vreemd! Nou gaan Hy weg om te bid, en Hom op more voor te berei! Wie kan Hy dan nog aanroep en tot wie kan Hy bid? Is Hy dan miskien, in weerwil van Sy ondeurgrondelike diepe wysheid, tog nie die hoogste, goddelike wese nie? Hom Self sal Hy tog nie aanbid nie!? En as Hy dit doen, dan sou jy jou tog wel sterk kan afvra: Waarom? Vreemd! Hy gaan bid om Hom op more voor te berei, asof Hy as hoogste Elohim-wese al nie eeuelank tot in die fynste daarop voorbereid sou gewees het nie! Vreemd, vreemd! Hm, hm, hm, wat beteken dit nou skielik!? Eers het Hy tog gepraat soos maar net `n egte Elohim kan praat! Dit hang slegs van die geringste vlug van Sy Wil af of die wêreld bestaan of nie, en nou gaan Hy Self bid, en sê aan ons dat ons moet slaap en rus of ook bid, en ons voorberei op die dag van more! Nou, as Hy Self `n goddelike wese gaan aanbid wat maar net Hy ken, wie moet ons dan aanbid? Hóm of die aan ons volkome onbekende goddelike wese wat Hy nou aanbid?! Nee, dit oortref tog alles wat jy maar in `n dwase droom sou kan versin!"

[2] Dan staan **Mathael** plotseling ietwat boos op en sê so hard dat talle hom kan hoor: "Wat oordeel julle nou hier as blindes oor kleure! O julle blindes, almal wat hier is, behalwe engel Rafael, en ook julle, Sy oudste leerlinge, julle is ook nog baie blind en daarom dom!

[3] Dra Hy nie hier op aarde, netsoos ons almal, vlees en bloed nie, waaruit Sy siel haarself, soos ook by ons, moet ontwikkel om in staat te wees om `n totale verbinding met die ewige, Oergoddelike gees aan te gaan nie?

[4] Slegs die Gees in Hom is Elohim, alles anders is mens, soos by ons mense. As Hy bid, beteken dit met ander woorde: Hy laat Sy mens heeltemal deurdring deur Sy oerewige, goddelike gees, waaruit ook alle ander geeste op gelyke wyse afkomstig is, soos die klein afbeelding van die son in `n doudruppel afkomstig is van die werklike son.

[5] Wat Sy gees aanbetref is Hy die werklike son; ons en alle geeste is egter slegs lewende afbeeldings van Elohim, die ewige Oerson. - Verstaan julle nou goed wat dit beteken as Hy sê dat Hy bid?"

[6] Jarah en Helena verstaan dit die eerste, maar die ander kon hulle nog nie heeltemal oriënteer nie, omdat hulle nog altyd geen orde kon skep tussen siel en gees nie! Maar toe lig Mathael dit vir hulle presies uit en vervolgens verstaan talle dit. Almal prys die baie groot wysheid van die moedige Mathael, en **Helena** gryp Mathael se hand, druk hom aan haar bors en sê: "Ja, voortreflike en my deur Elohim gegewe eggenoot, as jou wysheid altyd so bly toeneem, sou ek tog wel eers wou weet hoeveel ek uiteindelik van jou sal hou! As jy ons almal nou nie met jou wysheid te hulp gekom het nie, het ons uiteindelik almal aan die goddelikheid van die groot Meester begin twyfel, ondanks al die ongehoorde, wondervolle dade wat hy ons laat sien het. Maar nou is alles weer heeltemal in orde, en ons weet nou almal voldoende wie ons moet aanbid, en in die volste vertroue moet aanroep!"

[7] **Cyrenius** sê: "Beste vriend en nou broer Mathael, hoe baie ek my ook in jou verheug om te weet dat jy op die beste moontlike manier opgelei is, sou dit my tog nog meer verheug het as jy altyd in my omgewing gebly het! Want van ons almal is daar nie één wat alle dinge so grondig ken soos jy nie, uitgesonderd die engel, wat nou met Suetal in gesprek is! Hoe sal `n volk nie geseënd wees met `n regent soos jy nie, iets wat jy in wese eintlik al is! Maar ons sal mekaar tog nog meermale te siene kry, want ek kom na jou toe of jy kom na my!"

[8] **Mathael** gryp die hand van die ou en gryse Cyrenius en sê: "Edele Cyrenius, ons sal hand aan hand werk met net één gedagte: Om die volk in die Naam van JaHWeH so wys en geseënd as moontlik te maak! Ons sal wel hoofsaaklik ons aandag altyd rig op die geestelike welsyn van die volke wat deur Elohim aan ons toevertrou is om te lei, maar ook in die liggaamlike opsig mag niemand hom kan bekla oor moontlike, kwellende sorge nie, veral nie as hy geestelik op die goeie spoor is nie.

[9] In die groot, Romeinse ryk sou hierdie manier van leiding van die volk wel met groot moeilikhede gepaard gaan, maar in `n klein land sal dit baie gemaklik uitgevoer kan word, en gelukkige, klein state word dan gewoonlik `n spieël waarin die grotes sien of hulle geen vuil op hul gesigte het en of hul hare mooi lê.

[10] Meestal is `n spieël slegs so groot as `n hand, en tog kan die mens, as hy dit wil, hom stukkie vir stukkie heeltemal van kop tot toon bekyk, en op die wyse kan `n klein land dan ook gemaklik die spieël wees van `n groot ryk. Maar as `n klein land `n groot ryk as voorbeeld sou wou neem, sou hy hom lelik vergis en al sy onderdane in die ongeluk stort! Daarom is ons liewer `n klein spieël, as `n reus wat hom daarin bekyk! - Het ek gelyk of nie, geëerde Cyrenius?"

[11] **Cyrenius** sê: "Ek sou diegene wel eers wou sien, wat jou ongelyk sou kan gee! Jy het altyd gelyk, want uit jou praat altyd die gewekte gees van Elohim. -

[12] Maar kyk nou tog eers na die stad! Ek glo dat dit altyd feller gaan brand. Straks brand die hele, groot stad nog af? Ons Rafael sou daar wel kan help as hy dit sou wou!?"

### *Die wese van die engele*

**122** **Jarah** sê: "O, sal hy! As die Meester hom op `n wyse wat vir ons onsigbaar is `n aanwysing sal gee, - maar andersins doen hy niks nie! Hy is aan my gegee as leraar en beskermer, maar as ek hom vra om die een of ander te doen, doen hy

dit sekerlik nie! En as ek iets van hom wil weet, gee hy nie net geen antwoord nie, maar vra dit skielik vir my, en ek moet hom dan antwoord gee op dit wat ek van hom gevra het. Daarom is elke vraag aan hom verlore moeite. Ek het wel baie erg aan hom, maar ek sou hom nog duisend maal liewer gehad het, - as hy maar `n bietjie meelewender sou wees! Hy is wel altyd uitermate vriendelik, maar mens mag hom niks vra nie, want dit het heeltemal geen sin nie."

[2] **Mathael** sê: "Maar ek wil eers sien of hy nie daartoe bereid sal wees om tenminste sommige burgerlike huise van die vlamme te bewaar nie! Ek sal hom hierheen roep en eers sien of die liewe Jarah heeltemal gelyk het!"

[3] Daarop roep **Mathael** vir Rafael en sê aan hom: "Vriend, kyk eers na die stad! Ek glo dat daar nou ook heelwat armlike hutte aan die brand is; as dit so is kan jy dit tog wel voorkom!?"

[4] **Die engel** sê: "Ongetwyfeld, as ek dit mag. Maar my wil is die van die Meester, en ek kan slegs, wat Hy wil. As die Meester dit wil, sal jy jou nie kan voorstel hoe vinnig ek die brand sou blus nie! Maar sonder die wil van die Meester kan ek net so weinig doen soos jy, want al die wonders wat deur my uitgevoer is, het nie ek nie, maar slegs die wil van die Meester deur middel van my tot stand gebring.

[5] Ons engele is in wese slegs die uitvoerende orgaan van die goddelike wil, of te wel die verpersoonlikte wil van die Meester, en uit onsself kan ons niks nie, omdat ons sonder die goddelike wil as selfstandige wesens gladnie kan bestaan nie, net soos jou oë in die spieël hom geen waaragtige spieëlbeeld van die son sal kan voorstel as daar nie eers vanaf die egte son `n straal op die oppervlak van die spieël val nie.

[6] Om my wese egter nog beter te verstaan, wys ek jou op `n soort hol- of brandspieël, wat die van ouds af beroemde werktuigkundige Argimedes, per toeval uitgevind het. Hierdie spieëls, het die natuurlike eienskap het om `n aantal op hul vlak vallende sonstrale op `n bepaalde afstand in één punt te konsentreer. Die op één punt gekonsentreerde sonstrale, word dan sowel wat lig en warmte betref, `n soveel maal groter krag as die enkelvoudige straal, soos die verhoudingsgetal tussen die kwadraat van die deursnee van die brandpunt, en die deursnee van die spieëlvlak, waarby die deursnee van die brandpunt wel by die grootste konsentrasie nouliks twee duim breedtes meet en die deursnee van die spieëlvlak wel manshoog is.

[7] So `n brandpunt het dan seker `n meer as duisendvoudige groot krag as die natuurlike, enkelvoudige straal sowel as wat lig en warmte aanbetref, maar is tog nie denkbaar sonder die son nie.

[8] Die spieël verenig naamlik slegs die sonstrale tot `n sterk en vinnig werkende brandpunt, maar sonder die son besit hy geen krag nie, en bly daar by hom maar net die eienskap oor om die strale van die son te konsentreer soos wat dit op sy vlak val; maar sonder die son is die werking van die brandspieël gelyk aan nul.

[9] Ons engele is dus, soos gesê, slegs brandspieëls vir die opname en die konsentrasie van die goddelike wil, en as ons iets doen, doen ons dit deur die brandpunt van die goddelike wil wat in ons gekonsentreer is, en dan sien jy niks anders as wonders nie. - Verstaan jy dit?"

[10] **Mathael** sê: "O, dit verstaan ek nou beter, ek het net nie geweet dat Argimedes die uitvinder van die brandspieël was nie, want mense skryf dit tog oorspronklik toe aan `n sekere Hamerod, en vervolgens aan die bekende Thales, wat ook `n bliksemmasjien moes vervaardig!"

[11] **Rafael** sê: "Heeltemal korrek, maar Argimedes was `n draaier, en ontdek self sowel die grondbeginsels van die baie bruikbare brandspieël, van die silinder en van die skywe wat die bliksem veroorsaak, maar veral van die hefmasjien, deur die fortuinlike gebruik van sy spesiaal daarvoor uitgevinde en presies berekende skroef, na watter uitvinding hy sê: 'Gee my buite die aarde `n vaste punt en dan hef ek die hele wêreld uit haar voeë!'

[12] Uit dit alles blyk dit dat ek uit myself nie jou goeie wens sal kan uitvoer nie. Maar as die Meester my daarvoor sal uitkies, sal alles vinnig afloop. Vra dit daarom slegs vir die Meester!"

[13] **Jarah** sê: "Die Meester kan `n mens nie nou lastig val nie, want Hy het aanbeveel om te rus, of as ons wakker bly, te bid. En dit moet ons doen, want Hy sê niks verniet nie. Wat gaan dit ons aan of die hele stad afbrand?! Die Meester sal wel Sy rede hê waarom Hy dit oor hierdie stad laat kom het, en die rede kan bes moontlik `n baie goeie een wees, en vol van goddelike liefde en erbarming. As ons nou iets daaraan wou verander, sou ons die saak nie beter, maar eerder slegter maak. Die Meester sal op die regte oomblik, sonder ons voorspraak, wel Sy wil uitvoer. Met my Rafael is en bly egter niks aan te vang nie, want sonder die wil van die Meester is hy `n leë omhulsel. "